


**THE PROVINCE OF  
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE  
GAUTENG**

# Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**  
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 11

PRETORIA, 23 MAY  
MEI 2005

No. 214

**We all have the power to prevent AIDS**

AIDS  
affects  
us all



A  
new  
struggle

**Prevention is the cure**

**AIDS  
HELPLINE**

**0800 012 322**

DEPARTMENT OF HEALTH



9771682452005



05214

---



---

**CONTENTS • INHOUD**

No.

Page  
No.      Gazette  
            No.**GENERAL NOTICE**

|      |   |   |     |
|------|---|---|-----|
| 1858 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Extension of boundaries: Remainder of Portion 4, farm Brakfontein 390 JR ..... | 3 | 214 |
|------|---|---|-----|

---

**THE GOVERNMENT PRINTING WORKS**
**PUBLICATIONS DIVISION**


NB: The Publications Division of the Government Printing Works will be relocating to its new premises within the:

**MASADA BUILDING at 196 PROES STREET, PRETORIA  
(i.e. CORNER OF PAUL KRUGER AND PROES STREETS)**  
with effect from **3 May 2005**.

For enquiries and information:

**Mr M Z Montjane**  
**Tel: (012) 334-4653**  
**Cell: 083 640 6121**

## GENERAL NOTICE

### NOTICE 1858 OF 2005

#### PROCLAMATION

In terms of section 49(1) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937), read with section 88(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), I hereby extend the boundaries of Zwartkop Extension 2o Township to include the Remainder of Portion 4 of the farm Brakfontein No. 390-J.R., subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Johannesburg on this 18<sup>th</sup> day of May Two Thousand and Five.

ADMINISTRATOR

DPLG 11/3/15/12/1

#### SCHEDULE

#### 1. CONDITIONS OF EXTENSION

##### (1) ENGINEERING SERVICES

The erf owner shall make the necessary arrangements with the local authority in regard to the provision of engineering services in terms of Section 88(3)(b)(l) of Ordinance 15 of 1986.

##### (2) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, but excluding the following condition, which does not affect the erf:

"1. Die Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van die plaas, groot as sodanig 884,0289 (AGT AGT VIER komma NUL TWEE AGT NEGE) HEKTAAR, 'n gedeelte waarvan hiermee getranspoteer word, in onderhewig aan 'n reg van weg 7,87 meter wyd ten gunste van Gedeelte 3 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die gemelde plaas, gehou kragtens Akte van Transport Nr 26/1961, gedateer 4 Januarie 1961 soos meer ten volle sal blyk uit die figuur B K L M N middel van Six Mile Spruit O P Q R S op kaart No. A3829/60 geheg aan voormelde Akte van Transport No 26/1961."

##### (3) ACCESS

- (a) No additional access shall be allowed to John Voster Avenue.
- (b) No ingress from National Road N1-21 to the erf and no egress to National Road N1-21 from the erf shall be allowed.
- (c) Ingress to and egress from the erf shall be from Akkerboom Street via the existing servitude.

##### (4) ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER

The erf owner shall arrange for the drainage of the erf to fit in with that of Road N1-21 and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received and disposed of.

(5) **CONSOLIDATION OF ERVEN**

The erf owner shall at his own expense cause the Erf 1947 to be consolidated with either Erf 1938 or Erf 1939, Zwartkop Extension 20.

(6) **REPOSITIONING OF CIRCUITS**

If, by reason of the incorporation of the erf, it should become necessary to reposition any existing circuits of Telkom, the cost thereof shall be borne by the erf owner.

(7) **OBLIGATIONS IN REGARD TO ESSENTIAL SERVICES**

The erf owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil his obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services and the installation of systems therefore, as previously agreed upon between the erf owner and the local authority.

**2. CONDITIONS OF TITLE**

(1) **CONDITIONS IMPOSED BY THE SOUTH AFRICAN NATIONAL ROADS AGENCY IN TERMS OF THE NATIONAL ROADS ACT, 1998 (ACT 7 OF 1998)**

The erf shall be subject to the following conditions:

- (i) Except for any essential stormwater drainage structure, no building, structure or other thing which is attached to the land, even though it does not form part of that land, shall be erected nor shall anything be constructed or laid under or below the surface of the erf within a distance of 20m from the boundary of the erf abutting on Road N1-21 nor shall any alteration or addition to any existing structure or building situated within such distance of the said boundary be made except with the consent in writing of the National Transport Commission.
- (ii) Ingress to and egress from the erf shall not be permitted along the boundary of the erf abutting on Road N1-21.

(2) **CONDITIONS IMPOSED BY THE ADMINISTRATOR IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE 15 OF 1986**

The erf shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may

be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

- (d) The erf is subject to a servitude for municipal services (water), 3,00 metres wide in favour of the local authority, as indicated on Diagram S.G. No. 7999/1997.
- (e) The erf is subject to a servitude for municipal services, 3,00 metres wide in favour of the local authority, as indicated on Diagram S.G. No. 7999/1997.

---

**KENNISGEWING 1858 VAN 2005**

**PROKLAMASIE**

Ingevolge artikel 49(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), gelees met artikel 88(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), brei ek hiermee die grense van die Dorp Swartkop Uitbreiding 20 uit deur die Restant van Gedeelte 4 van die plaas Brakfontein No. 390-J.R., daarin op te neem, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die aangehegte Bylae.

Gegee onder my Hand te Johannesburg op hede die 18de dag van Mei Twee Duisend en Vyf.

**ADMINISTRATEUR**

**DPLG 11/3/15/12/1**

**BYLAE**

**1. VOORWAARDES VAN UITBREIDING**

- (1) **INGENIEURSDIENSTE**  
Die erfeienaar moet die nodige reëlings met die plaaslike bestuur tref in verband met die voorsiening van ingenieursdienste ooreenkomstig artikel 88(3)(b)(i) van Ordonnansie 15 van 1986.
- (2) **BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES**  
Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes

en serwitute, maar uitgesluit die volgende voorwaarde wat nie die dorp raak nie:

“1. Die Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van die plaas, groot as sodanig 884,0289 (AGT AGT VIER komma NUL TWEE AGT NEGE) HEKTAAR, ‘n gedeelte waarvan hiermee getranspoteer word, in onderhewig aan ‘n reg van weg 7,87 meter wyd ten gunste van Gedeelte 3 (‘n gedeelte van Gedeelte 2) van die gemelde plaas, gehou kragtens Akte van Transport Nr 26/1961, gedateer 4 Januarie 1961 soos meer ten volle sal blyk uit die figuur B K L M N middel van Six Mile Spruit O P Q R S op kaart No. A3829/60 geheg aan voormelde Akte van Transport No 26/1961.”

**(3) TOEGANG**

- (a) Geen addisionele toegang tot John Voster Laan sal toegelaat word nie.
- (b) Geen ingang van Nasionale Pad N1-21 tot die dorp en geen uitgang tot Nasionale Pad N1-21 uit die dorp word toegelaat nie.
- (c) Ingang tot en uitgang uit die erf sal geskied deur Akkerboom Straat via the bestaande serwitut.

**(4) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER**

Die erfeienaar moet die stormwaterdreinerig van die dorp so reël dat dit inpas by dié van Pad N1-21 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

**(5) KONSOLIDASIE VAN ERWE**

Die erfeienaar moet op eie koste Erf 1947 laat konsolideer met of Erf 1938 of Erf 1939, Zwartkop Uitbreiding 20.

**(6) VERSKUIWING VAN KRAGLYNE**

Indien dit as gevolg van die inlywing van die erf nodig word om enige bestaande kraglyne van Telkom te verskuif, moet die koste daarvan deur die erfeienaar gedra word.

**(7) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE**

Die erfeienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste en die installering van stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die erfeienaar en die plaaslike bestuur, nakom.

**2. TITELVOORWAARDES**

**(1) VOORWAARDES OPGELê DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADRAAD KRAGTENS DIE NASIONALE PAD WET, 1998 (WET 7 VAN 1998)**

Die erf is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- (i) Uitgesonderd enige noodsaaklike

stormwaterdreineringsstruktuur, moet geen gebou, struktuur of enigiets wat aan die grond verbonde is, al maak dit nie deel van daardie grond uit nie, opgerig word of enigiets onder of benede die oppervlakte van die erf binne 'n afstand van 20m van die grens van die erf aangrensend aan Pad N1-21 af gebou of gelê word nie, en geen verandering of toevoeging tot enige bestaande struktuur of gebou wat binne sodanige afstand van sodanige grens geleë is, moet sonder die skriftelike toestemming van die Nasionale Vervoerkommissie aangebring word nie.

- (ii) Ingang tot en uitgang van die erf moet nie langs die grens daarvan aangrensend aan Pad N1-21 toegelaat word nie.

**(2) VOORWAARDES OPGELÊ DEUR DIE PREMIER KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE 15 VAN 1986**

Die erf is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur. Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander wat hy volgens goedgekeurde noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.
- (d) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes (water) 3,00 meter wyd ten gunste van die plaaslike bestuur, soos aangedui op Diagram L.G. No. 7999/1997.
- (e) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes, 3,00 meter wyd, ten gunste van die plaaslike bestuur, soos aangedui op Diagram L.G. No. 7999/1997..

